



# basic education

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

**NASIONALE  
SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**LEWENSORIËNTERING  
ALGEMENE ASSESSERINGSTAAK (AANVULLEND)  
13 OKTOBER 2015  
MEMORANDUM**

**PUNTE: 80**

**Hierdie memorandum bestaan uit 13 bladsye.**

**AFDELING A (VERPLIGTEND)****VRAAG 1**

1.1	1.1.1	A	(✓)		
	1.1.2	C	(✓)		
	1.1.3	A	(✓)		
	1.1.4	D	(✓)		
	1.1.5	B	(✓)		
	1.1.6	D	(✓)		
	1.1.7	B	(✓)		
	1.1.8	C	(✓)		
	1.1.9	B	(✓)		
	1.1.10	D	(✓)	(10 x 1)	(10)
1.2	1.2.1	Ondersoekende joernaliste			(1)
	1.2.2	Geslagwanbalans word beskou as ongelyke persepsies/ behandeling van mense (✓) gebaseer op hul geslag (✓)			(2)
	1.2.3	Enige een van die volgende opsies: fluitjieblaser/informant (✓)			(1)
	1.2.4	Impakstudie (✓)			(1)
	1.2.5	<b>Gesondheid:</b> Dit is 'n algemene term wat die algemene status van 'n mens beskryf. (✓) <b>OF</b> Om gesond te wees, impliseer dat jy aan geen siektes ly nie en nie enige gebrek/aantasting of pyn het nie. (✓) <b>OF</b> 'n Toestand van volkome fisiese, psigologiese, sosiale en geestelike welstand. (✓) <b>OF</b> Enige ander geskikte verduideliking vir EEN punt elk.			(1)
		<b>Fiksheid:</b> Is 'n maatstaf van fisiese vermoëns eerder as 'n maatstaf van welstand. (✓) <b>OF</b> Dit is die gevolg van fisiese aksie. (✓) <b>OF</b> Goede fisiese toestand as gevolg van oefening en behoorlike voeding. (✓) <b>OF</b> Enige ander geskikte verduideliking vir EEN punt elk.			(1)

## 1.2.6

**DRIE doelstellings van 'n pos-/indiensnemingskontrak:**

- Dit bied duidelike riglyne vir beide die werkgewer en die werknemer oor hulle rolle en funksies. (✓)
- Dit help die werkgewer om te verseker dat die werknemer volgens die ooreengekome diensvoorwaardes werk. (✓)
- Dit gee in breë trekke die werksure en werksdae, posbeskrywing, metode en frekwensie van betaling en oortydтарыewe, verlof en kennisgewingtydperk vir diensbeëindiging. (✓)
- Dit beskerm die werknemer teen uitbuiting of versoek te word om dienste te verrig wat nie in die kontrak is nie. (✓)
- Dit kan gebruik word as 'n werktuig om enige party te verdedig indien daar kontrakbreuk of 'n dispuut is. (✓)

Of enige ander geskikte doelwitte van 'n pos-/indiensnemingskontrak vir EEN punt elk. (3)

**TOTAAL AFDELING A: 20**

## AFDELING B (VERPLIGTEND)

In hierdie afdeling moet kandidate se antwoorde sover moontlik in volsinne geskryf wees. Daarom, binne 'n 3 of 4 punt-vraag, kan en moet 4, 3, 2 en of 0 (nul) punte aan kandidate toegeken word, afhangende van die vlak van die antwoord wat gegee is.

### VRAAG 2

#### 2.1 Punte moet soos volg toegeken word:

EEN punt elk (✓) vir TWEE antwoorde wat goed verduidelik is.

#### **Sosiale voordele vir gemeenskappe van deelname aan inheemse spele is:**

- Dit verenig gemeenskappe en buurte, wat tot gemeenskapsidentiteit bydra en 'n gevoel dat jy hoort skep. (✓)
- Dit laat gemeenskappe trots voel op die kulturele spele en inspireer mense om hul kulturele gelowe met ander te deel. (✓)
- Dit bevorder etniese en kulturele harmonie tussen mense omdat hulle ander se verskille sal begryp en waardeer. (✓)
- Dit versterk gemeenskapswaardes en interaksie tussen gemeenskappe, en bevorder op hierdie wyse sosiale samehorigheid en 'n vreedsame leefwyse. (✓)

Of enige ander sosiale voordeel van inheemse spele vir gemeenskappe wat goed verduidelik is vir EEN punt elk. (2 x 1) (2)

#### 2.2 Punte word soos volg toegeken:

- TWEE punte elk (✓✓) vir TWEE antwoorde wat goed verduidelik is.
- EEN punt elk vir die noem van 'n faktor. (✓)
- EEN punt vir die verduideliking. (✓)

#### **Faktore wat party jong mense daarvan kan weerhou om aan fisiese aktiwiteite deel te neem, kan wees:**

- Gebrek aan motivering. (✓) Baie jong mense toon geen belangstelling om aan enige ontspanningsaktiwiteite deel te neem nie. (✓)
- Gebrek aan tyd. (✓) Baie jongmense beweer dat hulle nie tyd het om by aktiwiteite betrokke te raak nie. Daar is te veel skoolwerk en studies. (✓)
- Lae energievlakke. (✓) Hulle beweer ook dat hulle geen energie het om aan sulke sportaktiwiteite deel te neem nie. (✓) OF hulle is dikwels moeg aan die einde van die skooldag. (✓)
- Omgewingsversperrings. (✓) In baie gebiede is daar 'n gebrek aan bronne soos sportgeriewe, toerusting, sportvelde (✓) OF baie jongmense is nie in staat om na enige plek te gaan om aan sulke sportaktiwiteite deel te neem nie. (✓)
- Onveilige woonbuurte. (✓) Misdaad en geweld kan dit onveilig maak om buitemuurs tyd deur te bring, veral vir aktiwiteite soos draf en hardloop. (✓)
- Sosiale versperrings. (✓) Familie-invloed en kulturele sienswyses kan betrokkenheid by sportaktiwiteite beperk. (✓) OF gesinne kan negatiewe gesindhede teenoor deelname aan ontspanningsaktiwiteite hê (✓)

- Moeilike finansiële omstandighede kan deelname aan sport voorkom (✓) omdat daar dalk 'n tekort aan fondse kan wees om toerusting/sportdrag aan te koop. (✓) OF hulle het dalk nie die fondse om vervoer na die plekke te organiseer om aan aktiwiteite deel te neem nie. (✓)
- Luiheid. (✓) Baie jong mense het geen belangstelling om by fisiese aktiwiteite betrokke te raak nie. (✓)
- Te veel ander opsies/afleidings. (✓) Hulle word met ander dinge soos rekenaarspeletjies, die Internet, slimfone en ander elektroniese toestelle besig gehou. (✓)

Of enige ander geskikte verduideliking vir TWEE punte elk.

(2 x 2)

(4)

### 2.3 Punte word soos volg toegeken:

DRIE punte (✓✓✓) vir 'n antwoord wat goed verduidelik is.

#### **Deelname aan fisiese aktiwiteite en die volg van 'n gebalanseerde dieet kan selfagting soos volg verhoog:**

- Die volg van 'n gebalanseerde dieet en oefening kan lei tot 'n beter liggaamsbou, (✓) sodat jy beter kan voel oor jou voorkoms, (✓) wat jou selfvertroue en selfagting kan verhoog. (✓)

Of enige ander antwoord wat goed verduidelik is vir DRIE punte.

(3)

### 2.4 Punte word soos volg toegeken:

TWEE punte elk (✓✓) vir DRIE antwoorde wat goed verduidelik is.

#### **Maniere waarop jou skool saam met gemeenskapsorganisasies kan werk om leerders se deelname aan fisiese aktiwiteite te bevorder, kan wees:**

- Skole kan saam met gemeenskapsorganisasies werk, (✓) en vennootskappe ontwikkel om ontspanningsaktiwiteite voor en na skool asook in die somervakansie te verskaf. (✓)
- Skole kan vriendskaplike spele/wedstryde met buurskole organiseer, (✓) om wedywering en kompetisie tussen gemeenskappe te bevorder. (✓)
- Die bronne van die skole, soos sportvelde, toerusting en selfs onderwysers, (✓) kan gebruik word om gemeenskappe te kry om aan die spele/wedstryde deel te neem. (✓)
- Senior lede van die gemeenskap kan deur die skool gebruik word (✓) om af te rig en die spele aan ander te demonstreer. (✓)
- Skole kan gashere wees vir kwartaallikse 'wedstryde/kompetisies'. (✓) Fondse kan gekry word om sertifikate en trofees aan die wenners van nommers toe te ken. (✓)
- Skole kan Suid-Afrikaanse erfenis, waardes, norme, kultuur en geskiedenis bevorder (✓) deur spele, ontspanning en kompetisie. (✓)

Of enige ander geskikte wyse om deelname aan sport in skole te bevorder vir TWEE punte elk.

(3 x 2)

(6)

**[15]**

**VRAAG 3****3.1 Punte moet soos volg toegeken word:**

TWEE punte (✓✓) vir 'n verduideliking, wat goed geformuleer is, van die verskil tussen elektroniese en gedrukte media.

**Verskil tussen elektroniese en gedrukte media kan wees:**

- **Elektroniese media** is virtuele media wat deur video's en aanlyn artikels besigtig word.

**OF**

Dit is enige media wat deur elektrisiteit of batterye aangedryf word soos die Internet en e-posse, webtuistes, blog, Facebook, Twitter, radio, TV, films en DVD's. (✓)

- **Gedrukte media** is media wat besigtig word deur gedrukte bronne, soos koerante, tydskrifte, pamflette, brosjures, plakkate en reklameborde. (✓)

(1 + 1) (2)

**3.2 Punte moet soos volg toegeken word:**

EEN punt (✓) elk vir DRIE redes wat goed verduidelik is.

**Moontlike redes waarom elektroniese media toegankliker vir armer gemeenskappe geword het:**

Elektroniese media:

- Het noodsaaklik geword. (✓)
- Is kostedoeltreffend/goedkoper. (✓)
- Is toeganklik in die meeste tale. (✓)
- Is maklik en geredelik beskikbaar. (✓)
- Vereis nie reiskoste nie. (✓)
- Kry maklik toegang deur elektrisiteit in die meeste huishoudings. (✓)

Of enige ander gepaste rede vir EEN punt elk.

(3)

**3.3 Punte moet soos volg toegeken word:**

TWEE punte (✓✓) elk vir DRIE maniere wat goed verduidelik is.

**Moontlike maniere waarop leerders uit sosiale media kan voordeel trek wanneer formele assesseringstake voltooi word:**

- Sosialemedia-instrumente soos kletskamers, leerkanale, interaktiewe sosiale webtuistes en kitsboodskappe (✓) verbind leerders met inhouddeskundiges en dalk voorbeelde van formele take. (✓)
- Leerders kan in 'n paar minute toegang tot inligting in verskillende bronne kry en dit bespreek (✓) en dit help hulle om take vinniger en makliker te voltooi. (✓)
- Nadat hulle inligting versamel het, kan leerders hulp kry by portuurgroepe en deskundiges om inligting in die vereiste formaat te organiseer. (✓) en dit help leerders om te verseker dat die taak soos vereis voltooi word. (✓)
- Leerders kan hulp met take kry sonder om te reis (✓) en dit help om tydverkwisting en reiskoste uit te skakel. (✓)

Of enige ander antwoord vir TWEE punte elk.

(2 x 2) (4)

**3.4 Punte moet soos volg toegeken word:**

TWEE punte (✓✓) elk vir DRIE voorstelle wat goed verduidelik is.

**Moontlike wyses waarop sosiale media 'n negatiewe invloed op landsburgers kan hê wat ingeligte besluite neem oor besighede in 'n land wat in buitelandse besit is:**

- Die sosiale media kan valse inligting verskaf (✓) wat besighede in buitelandse besit negatief kan voorstel. (✓)
- Kuberkrakers wat teen besighede in buitelandse besit gekant is, kan verkeerde inligting skep (✓) en dit weergee asof dit van 'n betroubare bron kom, soos van die regering. (✓)
- Die sosiale media kan haatspraak bevorder (✓) wat geweld teen buitelanders kan aanspoor. (✓)
- Hulle kan die karakters van eienaars van besighede in buitelandse besit belaster (✓) en moontlik veroorsaak dat mense nie van hulle hou nie. (✓)
- Die sosiale media kan gerugte versprei oor die kwaliteit van die goedere en dienste wat deur die eienaars van besighede in buitelandse besit verskaf word (✓) en dit kan 'n negatiewe invloed op hul besighede hê (✓)

Of enige ander antwoord vir TWEE punte elk.

(3 x 2)

(6)  
**[15]**

**TOTAAL AFDELING B:**

**30**

## AFDELING C

Kandidate moet enige TWEE vrae in hierdie afdeling beantwoord. Indien die kandidaat al drie vrae beantwoord, moet slegs die **eerste TWEE** nagesien word. Die oorblywende antwoord moet deurgehaal word en die afkorting 'EQ' moet geskryf word (Oorskry getal vrae vereis).

### VRAAG 4

Kandidaat se antwoord moet in opstelvorm wees.

**Skryf 'n opstel oor die werwingsproses.**

**Definieer die term *aanlyn werwing* en noem TWEE maniere waarop dit maatskappye/organisasies kan help om geskikte werknemers te vind.**

**Punte moet soos volg toegeken word:**

- EEN punt (✓) vir 'n kort definisie van aanlyn werwing.  
**EN**
- EEN punt (✓) elk vir enige TWEE maniere waarop aanlyn werwing maatskappye/organisasies kan help.

**Definisie:**

Aanlyn werwing is wanneer maatskappye/organisasies Internettegnologie/web-gebaseerde instrumente gebruik om vakante poste op die web te adverteer om aanlyn werksoekers te teiken. (✓) (1)

**TWEE maniere waarop dit maatskappye/organisasies kan help om geskikte werknemers te vind.**

**Aanlyn werwing is:**

- Kostedoeltreffend omdat die meeste webtuistes advertensies gratis adverteer ('post'). (✓)
- Vinniger as die konvensionele proses. (✓)
- Meer toeganklik vir werksoekers. (✓)
- Baie deursigtig omdat dit vir almal toeganklik is. (✓)
- Doeltreffender omdat dit jou 'n groter gehoor gee en dus 'n beter kans bied om 'n geskikte werknemer suksesvol te vind. (✓)

Of enige ander geskikte manier om maatskappye/organisasies te help vir TWEE punte. (2) (3)



**Bespreek die werwingsproses deur die volgende stappe te verduidelik:**

- **Vind geskikte aansoekers**
- **Verwerk die aansoeke**
- **Voer onderhoude en stel geskikte kandidate aan**

**Punte moet soos volg toegeken word:**

TWEE punte (✓✓) vir elke stap wat goed verduidelik is.

**Vind geskikte aansoekers**

- Die maatskappy identifiseer die behoefte aan 'n geskikte persoon vir 'n spesifieke pos en adverteer dit in die media. (✓)
- Werksoekers wat in die pos belang stel, voltooi 'n aansoekvorm en dien dit in by die maatskappy op 'n sperdatum. (✓)

**Verwerk die aansoeke**

- Alle aansoeke word geëvalueer om te bepaal of hulle aan die kriteria van die geadverteerde pos voldoen. (✓)
- Die maatskappy sal die geskikste kandidate op 'n kortlys plaas en hulle vir 'n onderhoud nooi. (✓)

**Voer onderhoude en stel geskikte kandidate aan**

- In die onderhoud sal die paneel die kandidate vrae vra om te bepaal of hulle vir die pos geskik is. (✓)
- Na afloop van die onderhoud sal die paneel die geskikste kandidaat vir aanstelling aanbeveel en hom/haar skriftelik in kennis stel. (✓) (3 x 2) (6)

**Verduidelik DRIE maniere wat toon hoe jou aanlyn profiel/boodskappe 'n voornemende werkgewer se siening van jou in die werwingsproses negatief kan beïnvloed.****Punte moet soos volg toegeken word:**

TWEE punte (✓✓) elk vir enige DRIE redes wat goed verduidelik is.

**Moontlike antwoorde kan wees:**

- Onbehoorlike aanlyn kommentaar kan 'n voornemende werkgewer 'n negatiewe beeld van jou gee, (✓) wat die werkgewer huiwerig sal maak om jou vir die werk te oorweeg. (✓)
- Onbehoorlike aanlyn foto's kan 'n voornemende werkgewer 'n negatiewe beeld van jou gee (✓) wat die werkgewer huiwerig sal maak om jou vir die werk te oorweeg. (✓)
- Te veel persoonlike boodskappe/voortdurende sosiale kommentaar kan 'n ligsinnige/oppervlakkige beeld van jou skep (✓) en dit kan die werkgewer beïnvloed om te dink dat jy nie professioneel is nie. (✓)
- Die meeste aanlyn boodskappe het 'n tydlyn/geskiedenis (✓) en die toekomstige werkgewer kan maklik bepaal of jy gereeld inhoud in werksure aanlyn plaas in plaas daarvan om jou werk te doen. (✓)
- Om vertroulike inligting oor jou huidige werkgewer te aanlyn onthul, (✓) sal meebring dat voornemende werkgewers jou geloofwaardigheid in twyfel trek en jou nie as nie betroubaar sal beskou nie. (✓)
- Om van jou huidige werkgewer/kollegas aanlyn sleg te praat sal jou as onlojaal of as 'n moeilikheidmaker voorstel (✓) en toekomstige werkgewers sal nie bereid wees om jou te huur/aan te stel nie. (✓)

Of enige ander geskikte antwoorde vir TWEE punte.

(3 x 2)

(6)  
[15]

**VRAAG 5**

Die kandidaat se antwoord moet in opstelvorm wees.

**Skryf 'n opstel oor interpersoonlike konflik.**

**Verduidelik die verskil tussen positiewe en negatiewe stres en wys hoe 'n persoonlike lewenskrisis tot positiewe stres kan lei.**

**Punte moet soos volg toegeken word:**

- TWEE punte (✓✓) vir aandui van verskil tussen positiewe en negatiewe stres.  
**EN**
- EEN punt (✓) vir die verband tussen lewenskrisis en positiewe stres.

**Verskil:**

Positiewe stres is die stres wat jou motiveer, jou aanmoedig en druk op jouself laat plaas (✓) en negatiewe stres is die stres wat jou laat voel asof jy nie die druk van die stressors kan hanteer nie en dit beïnvloed verhoudings op negatiewe wyse. (✓) (1)

**Verband:**

Lewenskrisis, soos die dood van 'n broodwinner of 'n ouer wat sy/haar werk verloor, kan 'n kind motiveer om op skool hard te werk om suksesvol te wees. (✓) (2) (3)

**LET WEL:** 'n Leerder kan 'n voorbeeld van enige lewenskrisis gee, maar moet die verband tussen positiewe stres en die lewenskrisis kan toon.

**Evalueer hoe elk van die volgende tipes persoonlikhede interpersoonlike konflik hanteer:**

- **Passief/Introvert**
- **Aggressief/Bullebak**
- **Selfversekerd/Selfgeldend/Ekstrovert**

**Punte moet soos volg toegeken word:**

TWEE punte (✓✓) elk vir drie antwoorde wat goed geformuleer is.

**Moontlike antwoorde kan wees:**

- 'n Persoon met 'n **passiewe (introverte) persoonlikheid**
  - Kan nie sy/haar eie besluite neem nie/wat waarskynlik sal meebring dat hy/sy nie interpersoonlike konflik kan hanteer nie. (✓✓) **OF**
  - Kan ly aan 'n verlies van selfvertroue en selfagting en is dalk nie in staat om doeltreffend in 'n konfliksituasie te kommunikeer nie. (✓✓) **OF**
  - Kan toelaat dat sy basiese menseregte tot waardigheid en respek geïgnoreer word en magteloos wees om sy/haar sienswyse in 'n konfliksituasie te verdedig. (✓✓)
- 'n Persoon met 'n **aggressiewe (bullebak) persoonlikheid**
  - Kan probeer om konflik op te los deur ander verbaal of fisies seer te maak wat die konflik kan vererger. (✓✓) **OF**
  - Hy is dalk onbeskof en ontegenwoordig en laat nie ruimte vir onderhandelinge of besprekings in 'n konfliksituasie nie. (✓✓)
- 'n Persoon met 'n **selfversekerde/selfgeldende/ekstroverte persoonlikheid**
  - Is in staat om maklik met die meeste mense om te gaan omdat hy/sy ander se gevoelens in ag neem wanneer daar konflik is. (✓✓) **OF**
  - Is in staat om sy/haar eie menings doeltreffend uit te druk en dit kan help om konfliksituasies op te los. (✓✓)

Of enige DRIE ander geskikte antwoorde oor elke persoonlikheidstipe vir TWEE punte elk. (3 x 2) (6)

**Regverdig waarom elk van die volgende sienswyses en gedrag ondoeltreffend sal wees wanneer interpersoonlike konflik hanteer word:**

- **Vermy konflik**
- **Ding met mekaar mee**
- **Toegee**

**Punte moet soos volg toegeken word:**

TWEE punte (✓✓) elk vir drie antwoorde wat goed verduidelik is.

**Moontlike antwoorde kan wees:**

**Vermy konflik**

- Om konflik te vermy is 'n poging om die kwessie direk te vermy (✓) en is 'n tydelike maatreël om tyd te wen en los nie die konflik op nie. (✓)  
**OF**
- Soms word konflik vermy deur jouself te verwyder van die mense wat konflik veroorsaak (✓) en indien jy weer met dieselfde mense te doen het vir 'n spesifieke doel, kan die konflik weer uitbars. (✓) (2)

**Ding met mekaar mee**

- Om mee te ding is wanneer die kwessies en posisies van ander geïgnoreer word wanneer jy probeer om die argument te wen en dit sal nie die konflik oplos nie (✓) want diegene met wie jy meeding sal óf terugveg óf hulle sal eenvoudig ingee om vredesonthalwe. (✓) (2)

**Toegee**

- Om toe te gee is nie doeltreffend nie want alhoewel jy saamstem om vredesonthalwe, kan jy steeds kwade gevoelens hê (✓) wat weer kan opduik indien die partye steeds kontak met mekaar het. (✓)

Of enige ander relevante antwoord vir TWEE punte elk.

(2)

(6)  
**[15]**

**VRAAG 6**

Kandidaat se antwoord moet in opstelvorm wees.

**Skryf 'n opstel oor die evaluering van veldtogte.**

**Gee DRIE redes waarom jy dink nog 'n veldtog, ZAZI, bekend gestel is om dieselfde uitdagings aan te pak.**

**Punte moet soos volg toegeken word:**

EEN punt (✓) elk vir drie relevante redes.

**Moontlike redes kan wees:**

- Die **herhaalde voorkoms** van nuwe MIV-infeksies, ongewenste swangerskappe, MIV-oordrag van moeder na kind, kroniese siektes en geslagsgebaseerde geweld het meegebring dat SANAC met nog 'n veldtog genaamd ZAZI na vore gekom het. (✓)
- SANAC het besef dat die **huidige veldtogte nie** die uitdagings van leefstylsiektes en geslagsgebaseerde geweld **doeltreffend** aanpak nie. (✓)
- SANAC het die ZAZI-veldtog gesien as 'n geleentheid om **die pogings van verskillende veldtogte te kombineer**. (✓)
- SANAC moes toegee aan die **publiek se oproep vir hulp** om die uitdagings van leefstylsiektes en geslagsgebaseerde geweld te hanteer. (✓)

Of enige ander geskikte redes vir EEN punt elk.

(3)

**Assesseeer of die ZAZI-veldtog daarin sal slaag om individuele gedrag op 'n positiewe of negatiewe manier te verander en die publiek sal mobiliseer om in te gryp.**

**Punte moet soos volg toegeken word:**

DRIE punte elk (✓✓✓) vir TWEE antwoorde wat goed verduidelik is.

**Positiewe maniere:**

- Die veldtog sal suksesvol wees (✓) omdat dit 'n groot en diverse teikengroep het (✓) en dit sal na baie mense uitreik. (✓) (3)
- Die veldtog het vier breë doelwitte wat 'n positiewe invloed op die sukses van die veldtog sal hê (✓) omdat dit baie doelwitte terselfdertyd sal kan aanpak (✓) in teenstelling met verskillende veldtogte wat individuele uitdagings aanpak. (3) (6)

**OF**

**Negatiewe maniere:**

- Die doeltreffendheid van die veldtog sal bemoeilik word (✓) deur die grootte en samestelling van die teikengroep. Omdat die teikengroep te groot en te verskillend is (✓) sal hulle dalk nie in staat wees om volgens plan by almal uit te kom nie. (✓) (3)
- Die aantal uitkomstes sal 'n negatiewe invloed (✓) op die sukses van die veldtog hê. In hierdie veldtog is daar 'n verskeidenheid uitkomstes wat moeilik sal wees om te koördineer (✓) wat tot die afskeep van party genoemde uitkomstes kan lei. (✓) (3) (6)

**Evalueer DRIE maniere waarop die optrede en gedrag van die jeug tot die sukses of ondergang van sulke veldtogte in gemeenskappe kan bydra.**

**Punte moet soos volg toegeken word:**

TWEE punte elk (✓✓) vir DRIE evaluerings wat goed verduidelik is.

**Moontlike antwoorde vir die sukses van sulke veldtogte:**

Indien die jeug 'n positiewe houding teenoor die veldtog het en verandering in die gemeenskap te weeg wil bring, kan hulle:

- Jong mense mobiliseer om tot die sukses van die veldtog by te dra (✓) deur druk op hul portuurgroep te plaas om dieselfde te doen. (✓)
- Met ander jong mense kontak te maak deur middel van sosiale netwerke, (✓) wat 'n waardevolle bron kan wees om sienswyses te verander en inligting te deel. (✓)
- Deelname aan aktiwiteite wat verband hou met die veldtog aanmoedig (✓) wat 'n groot aantal leerders kan beïnvloed. (✓)
- Ouers en familielede aanmoedig/inspireer om ook betrokke te raak, (✓) en sodoende gemeenskapsbetrokkenheid verbreed. (✓)
- Kleiner veldtogte in hul eie gemeenskappe vestig (✓) om die ideale van ZAZI te bevorder. (✓)
- Bewustheid van die ZAZI-veldtog in hul skole, kerkgroepe of gemeenskappe skep deur die verspreiding van ZAZI-pamflette (✓) sodat mense meer by die veldtog betrokke kan raak. (✓)

TWEE punte elk (✓✓) vir enige DRIE evaluerings wat goed verduidelik is. (3 x 2) (6)

**Moontlike antwoorde vir die ondergang van die veldtogte:**

Indien die jeug 'n negatiewe houding teenoor die veldtog het en nie verandering in die gemeenskap te weeg wil bring nie, kan hulle:

- Geneig wees om hulleself te distansieer van die verantwoordelikheid vir die gemeenskap, (✓) en die verantwoordelik na die ouers/ander verskuif. (✓)
- Nie belangstel in die uitdagings wat deur die veldtog aangepak word nie (✓) en dus nie betrokke raak nie. (✓)
- Voel dat indien hulle deel is van 'n veldtog, hulle van hulle portuurgroepe vervreemd raak (✓) en kan hulle 'n onverskillige houding teenoor die veldtog openbaar. (✓)
- Voel asof daar op hulle regte inbreuk gemaak word as die veldtogte hul sosiale netwerkwebtuistes gebruik om bewustheid te skep (✓) aangesien dit 'n invloed op hulle privaatheid het. (✓)
- Deelname deur ander jeugdige ontmoedig (✓) en dit kan jeugdeelname aan die veldtog verhinder. (✓)
- Teen die ZAZI-inisiatief 'n veldtog voer (✓) en sodoende verwarring en onsekerheid oor die veldtog skep. (✓)

Of TWEE punte elk (✓✓) vir enige DRIE evaluerings wat goed verduidelik is. (3 x 2) (6)

**LET WEL:** Indien leerders kommentaar lewer op beide sukses en ondergang moet hul antwoorde krediet kry. [15]

**TOTAAL AFDELING C: 30**  
**GROOTTOTAAL: 80**